# MONNIE GONS

Uitgawe 6 van 2024 | Tydperk: 22 - 28 Febraurie

## Uit die Kultuur kantoor

# INLIGTING

## KULTUURERKENNING

Ons wil graag aan al ons leerders wat aan kultuur deelneem erkenning gee in die Monnie Gons en ook in die saal. Indien u kind aan enige kultuuraktiwiteite deelgeneem het, stuur asseblief die uitslae, met 'n foto aangeheg, na bemarker@monnies.co.za

Sertifikate, medaljes en trofees wat in die saal uitgedeel kan word, kan geneem word na:
Juniors - Juf Adri van Niekerk (B6)
Seniors - Juf Lize in (D9 - rekenaarsentrum)

Alle sertifikate en medaljes moet asseblief in 'n plastiek lêersakkie geplaas word met die kind se naam, van, graad en duidelike uiteensetting van die prestasie.




Monjifiek is die nuwe versamelnaam vir Monnies kultuur (drama, redenaars en sang). Monjifiek is geskep vir leerders wat nie aan dramaskole behoort nie, maar tog die geleentheid wil hê om in te skryf vir 'n Eisteddfod of kunstefees. Ons werk nou saam met die dramaskole en ondersteun die leerders wat deur dramaskole ingeskryf het. Hierdie is 'n bykomende geleentheid vir leerders wat net blootstelling wil hê. Leerders wat inskryf vir Monjifiek sal geleentheid kry om vir verskeie afdelings van hul keuse in te skryf. Daar sal ook vaste oefentye aan die leerders gekommunikeer word en afrigters sal deur die skool aan hul toegeken word.

Ons sien uit om te sien hoe ons Monnies op kultuur vlak groei en ontwikkel.

Indien u u kind graag wil inskryf vir Monjifiek kliek op die skakel: https://forms.gle/XqfW1ZAUKY5mXn4c7

## REDENAARS

**Toesprake**

Indien u nog 'n redenaarstoespraak benodig kontak gerus die volgende oud Monnies:
Nika Meiring - 071 105 9481
Wilmari Nolte - 063 873 1594

## SENIORKOOR

Ons deel net weer die skakel na die Seniorkoor WhatsApp groep vir 2024:
https://chat.whatsapp.com/GkOBidqoXqJAz5XlwWBK9F

## JUNIORKOOR

Die naweek het vir baie pret, plesier en hoë en lae note gesorg. Ons Monnies Juniorkoor het gesing, baljaar, gesing, heerlike kos geëet en nogmaals gesing. Baie dankie vir 'n heerlike koornaweek.







# BELANGRIKE DATUMS EN OEFENTYE

## BELANGRIKE DATUMS VIR KWARTAAL 1

| Juniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae (begin 22 Januarie) | 12:45 - 13:30 |
| Vrydae | 12:45 - 13:45 |

| Juniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |
| 13 April | Anton van Wouw koorfees | Laerskool Anton van Wouw (voorlopig) |
| 18 Mei | ATKV Applous | NG Kerk Skuilkrans (voorlopig) |

| Seniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae | 14:30 - 16:30 |

| Seniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |

| Redenaars<br>Kompetisies en Datums | | | |
|---|---|---|---|
| **Kompetisies** | **Inkrywingsdatum** | **Kompetisiedatum** | **Kostes** |
| ATKV | Reeds gesluit | 19 - 20 April | - |
| Pierneef Kunstefees | 5 Maart | 13 April – 6 Mei | R130 |
| Podium Pret | 8 April | 16 April | R220 |
| Oppie-Tong-Af (Lewendig aanlyn) | 12 April | 9 Julie – 8 Augustus | R220 |

Musieksentrum
MONUMENTPARK

## Belangrike datums

**<u>Trinity Praktiese Eksamens (Junie)</u>**

Inskrywings sluit 6 Maart




**<u>Unisa sessie 1 (Mei/Junie)</u>**

Inskrywings sluit 8 Maart

**<u>Voorspeelkonsert #1</u>**

Donderdag 14 Maart om 18:00 (skoolsaal)

**<u>Pretoria Eisteddfod sessie 1 (Mei/Junie)</u>**

Inskrywings sluit 12 April

**<u>Royal Schools Prakties (Aug-Okt)</u>**

Inskrywings sluit 31 Mei

## Pretoria Eisteddfod datums

Klavier/Keyboard: 1 & 4, 13-15, 20, 21 Mei (AHS Saal)

Blokfluit: 16,17 & 20 Mei (WHPS ouditorium)



Hout – en koperblaas: 1-4, 11, 13-15, 20, 21 Mei (AHS ouditorium)

Perkussie: 6-8 Mei (AHS ouditorium)

Vokaal (klassiek): 13-15 Mei (L/S Tygerpoort)

Vokaal (populêr): 3 & 4, 10 & 11, 17 & 18, 24 & 25 Mei (Cornwall Hill College)

Strykers: 26 Jul – 8 Aug

Kitaar: 6 & 7 Sep (AHS ouditorium)

Algemene Navrae :
Alrika Klopper • 083 454 9970

Rekening Navrae :
Alrika Klopper • 083 454 9970